

HOOFSTUK 5

DIE VOORSIENING VAN VOORTGESETTE ONDERWYS AAN SOMMIGE SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE

5.1 INLEIDING

Uit die oënskou in hoofstuk 3 oor die taak van die universiteit het dit duidelik geblyk dat die universiteit 'n besliste opgaaf het om, benewens formele opleiding en navorsing, ook aktief betrokke te wees by voortgesette onderwys deur middel van gemeenskapsdiens aan die plaaslike, maar ook eventueel aan die nasionale gemeenskap (kyk paragrawe 3.4.2 en 3.5.2). Die gemeenskap wat hier ter sprake is, is sowel die gemeenskap waarin die universiteit fisies geleë is as die gemeenskap van sy eie en ander afgestudeerdes.

Die "teorie" van voortgesette onderwys wat in hoofstuk 2 in oënskou geneem is, naamlik die verklaring van die begrip voortgesette onderwys as (onder andere) 'n aspek van die taak van volwasse onderwys aan tersiêre inrigtings (kyk paragraaf 2.2.2); asook die motiewe van volwassenes vir deelname aan voortgesette onderwys, (onder meer om kennisvermeerdering, sosiale samesyn en bevorderingsgeleentheid; kyk paragraaf 2.5), en die wyses waarop universiteite deur die aanbieding van voortgesette onderwys oor 'n wye spektrum probeer voorsien in hierdie behoeftes, word nou prakties geïllustreer wanneer voortgesette onderwysvoorsiening aan Suid-Afrikaanse universiteite onder die loep geneem word.

'n Verdere teoretiese aansig van voortgesette onderwys wat nou hier in die praktyk gebring word, is die aspekte van 'n stelsel van voortgesette onderwys (kyk paragraaf 2.10).

By wyse van 'n vraagskedule aan alle Suid-Afrikaanse universiteite oor die mate waarin die betrokke universiteite voortgesette onderwys voorsien, is inligting op 'n geordende en gestruktureerde wyse aangevra (kyk ook paragraaf 1.5.3). Die inligting moes opknappings- en indiensopleidingskursusse vir die professiebeoefenaar en algemeenvormende, kultuur- en

kennisverrykende kursusse vir die algemene publiek insluit. Dit blyk dat twee universiteite tans nog geen vorm van voortgesette onderwys aanbied nie (Mediese Universiteit van Suider-Afrika, 1984:1 en University of the North, 1984:1).

Die inligting oor voortgesette onderwys aan die verskillende Suid-Afrikaanse universiteite word vervolgens, nie noodwendig in enige bepaalde volgorde nie, weergegee. Daar word in elke geval na die doel met voortgesette onderwys aan die betrokke universiteit, die struktuur en beheer van die eenheid wat verantwoordelik is vir die aanbieding van voortgesette onderwys; die finansiering van dié eenhede en van voortgesette onderwysaanbiedings; voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse ter verwesenliking van die doelstellings daarmee; toelatingsvereistes, eksaminering en sertifisering waar toepaslik; die samestelling van kursusgroepe en ander voortgesette onderwysaktiwiteite aan die betrokke universiteit, verwys. In 'n evaluering van die voortgesette onderwysaanbiedings word onder meer verwys na die mate waarin die gestelde doelstellings met voortgesette onderwys verwesenlik word, en welke aspekte van die aanbiedings, dit wil sê ook die struktuur en beheer en aanbiedingswyses, navolgenswaardig is.

Voortgesette onderwysvoorsiening aan die PU vir CHO is nie hierby ingesluit nie want daaraan word afsonderlik in hoofstuk 6 aandag gegee.

5.2 UNIVERSITEIT VAN DURBAN-WESTVILLE

5.2.1 Inleiding

Geleë in Durban het hierdie universiteit uitsluitlik Indiërstudente (Barnard, 1984:49).

Voortgesette onderwys word aan dié universiteit sedert 1978 deur die *Extension Division* aangebied (University of Durban-Westville, 1984:1).

5.2.2 Die doel met voortgesette onderwys

Die doel met voortgesette onderwys aan dié universiteit, soos wat dit deur die *Extension Division* aangebied word, is om algemeenvormende en kultuurverrykende programme in die vorm van openbare lesings oor aktuele temas vir die hele gemeenskap aan te bied (University of Durban-Westville, 1984:2).

5.2.3 Die struktuur en beheer van die *Extension Division*

Die *Extension Division* funksioneer nie volgens 'n reglement of grondwet nie, is verbind aan die fakulteit van Politieke Wetenskappe en word beheer deur 'n Inter-Fakultêre Raad (Senaatskomitee) (University of Durban-Westville, 1984:2).

Die personeel bestaan uit 'n ere-direkteur (professorale status) en 'n klerk. Die ere-direkteur het nie 'n doseeropdrag nie (University of Durban-Westville, 1984:2).

5.2.4 Die finansiering van voortgesette onderwys

Die *Extension Division* is nie selfonderhoudend nie. Alle koste word ten volle deur die universiteit gedra. Geen kursusgelde is betaalbaar nie (University of Durban-Westville, 1984:1).

5.2.5 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse deur die *Extension Division* aangebied

Gedurende 1982 is 24 openbare lesings oor 'n breë spektrum binne die raamwerk van algemeenvormende, kennis- en kultuurverrykende temas aangebied. Voorbeelde ter illustrasie is die volgende:

- *Indiese Filosofie: Reïnkarnasie*: bygewoon deur 120 persone;
- *Wat is Christenskap?*: bygewoon deur 55 persone;
- *Die probleme van die adolessent*: bygewoon deur 80 persone;
- *Aspekte van munisipale bestuur*: bygewoon deur 40 persone;

- Verskeie aspekte van die Indiese kultuur, byvoorbeeld "*Indian Culture*" en "*Hindu Religious Values in the Modern World.*"
- Testamente en Boedels: bygewoon deur 38 persone.

Die meeste lesings word gedentraliseer aangebied, byvoorbeeld in skool= sale en by gemeenskapsentrums (University of Durban-Westville, 1984:2-3).

5.2.6 Standaard van kursusse, toelatingsvereistes, eksaminering en sertifisering

Alle kursusse word op voor-universiteitsvlak aangebied. Geen akademiese opleidingspeil word vereis nie, en die kursusse is slegs toeganklik vir lede van die Indiërgemeenskap. Geen eksamens word afgeneem nie en geen sertifikate word uitgereik nie (University of Durban-Westville, 1984:3).

5.2.7 Kursusgangers

Die gemiddelde ouderdom van die kursusgangers is ongeveer 35 jaar. Daar is 'n gelyke verhouding tussen manlike en vroulike kursusgangers (University of Durban-Westville, 1984:3).

5.2.8 Ander voortgesette onderwysaktiwiteite aan die universiteit

Verskeie departemente bied op deurlopende basis buite-kurrikulêre programme, wat uiteeraard vakgerig is, aan. In teenstelling met die kursusse (openbare lesings) van die *Extension Division* is die departementele kursusse vir lede van alle rasse-groepe toeganklik (University of Durban-Westville, 1984:3).

5.2.9 Samevatting en evaluering

Dié universiteit, geleë in 'n Indiërgemeenskap het ook hoofsaaklik Indiër= studente. Dit is derhalwe vanselfsprekend dat voortgesette onderwys aan dié universiteit ook op die Indiërgemeenskap gerig sal wees.

Die werk van die *Extension Division* as afsonderlike eenheid verantwoordelik vir die aanbieding van voortgesette onderwys, is slegs op algemeenvormende en kultuurverrykende programme gerig en sluit nie ook opknappings- of indiensopleidingskursusse vir die professiebeoefenaar in nie. Die benaming *Extension Division* verwys by die meeste buitelandse en by enkele Suid-Afrikaanse universiteite na 'n voortgesette onderwys-eenheid wat voortgesette onderwys oor die hele spektrum aanbied, dit wil sê kursusse vir die professiebeoefenaar sowel as algemeenvormende en kultuurverrykende kursusse.

Melding moet gemaak word van die feit dat die *Extension Division* nie slegs gesentraliseer op die hoofkampus van die universiteit funksioneer nie, maar in die meeste gevalle die kursusse elders aanbied.

Die aard van die gemeenskap (Indiërs) bepaal die aard van die voortgesette onderwys wat aangebied word, en dit kan gestel word dat die *Extension Division* met die verskeidenheid van kursusse wat vir die bepaalde gemeenskap aangebied word, sy doelstellings verwesenlik.

5.3 UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

5.3.1 Ten aanvang

Voortgesette onderwys word reeds sedert 1854 in een of meer vorms aan dié universiteit aangebied. Gedurende die "laat sestigerjare" het die *Centre for Extra-Mural Studies* in sy huidige vorm beslag gekry (University of Cape Town, 1984:1; vergelyk ook paragraaf 5.3.3).

5.3.2 Die doel met voortgesette onderwys

Die belangrikste doelstellings met voortgesette onderwys kan kortliks soos volg saamgevat word:

- * Om die universiteit se kennis en kundighede aan die gemeenskap beskikbaar te stel;
- * om opknappingskursusse vir die professiebeoefenaar aan te bied;
- * om navorsing oor alle aspekte van voortgesette onderwys te onderneem;
- * om voortgesette leergeleenthede aan alle lede van die gemeenskap te voorsien;

* om deur middel van onderwys gemeenskapsdiens te lewer (University of Cape Town, 1982:70A).

5.3.3 Die struktuur en beheer van die *Centre for Extra-Mural Studies*

Die *Centre* is onafhanklik ten opsigte van die inisiëring en aanbieding van voortgesette onderwysprogramme. Dit is egter andersyds aan die fakulteit Opvoedkunde verbind ten opsigte van die aanbieding van volwasse onderwyskursusse (op na-graadse diplomavlak)(University of Cape Town, 1984:1).

Die *Centre* funksioneer volgens 'n reglement en het 'n beheerraad van 26 lede waarop onder meer die Rektor en twee Vise-Rektore ampshalwe dien. Die beheerraad is voorts uit 6 Senaatslede van die universiteit en verteenwoordigers uit verskeie private en openbare sektore, saamgestel. Deurdat 6 Senaatslede lede van die beheerraad is, is daar bevredigende skakeling tussen die *Centre* en die akademiese departemente van die universiteit en kan besondere behoeftes aan voortgesette onderwys onder die aandag van die *Centre* kom (University of Cape Town, 1982:70).

Die personeel van die *Centre* bestaan uit 'n direkteur wat professor in Volwasse Onderwys en lid van die Senaat is, 'n adjunk-direkteur, 3 senior lektore, 1 lektor, 1 navorsingsbeampte en ses administratiewe personeellede. Die Direkteur en die akademiese personeel van die *Centre* het doseeropdragte in Volwasse Onderwys in die fakulteit Opvoedkunde (University of Cape Town, 1984:1).

5.3.4 Die finansiering van voortgesette onderwys

Die *Centre* is gedeeltelik selfonderhoudend. Personeelsalarisse word deur die universiteit betaal. Alle oorhoofse koste, met insluiting van vergoeding van kursusaanbieders, word uit kursusinkomste gedek (University of Cape Town, 1984:1).

5.2.5 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse deur die *Centre for Extra-Mural Studies* aangebied

* Indiensopleidingskursusse

Volgens die 1983-jaarverslag van die *Centre* (University of Cape Town, 1983:24-26), is 16 kursusse gedurende 1983 aangebied wat deur 710 kursusgangers bygewoon is. Die volgende voorbeelde word ter illustrasie vermeld:

- *Indiensopleiding vir maatskaplike werkers*: bygewoon deur 40 kursusgangers;
- *Indiensopleiding: remediërende onderwys*: bygewoon deur 49 kursusgangers;
- *Indiensopleiding: studentevoorligters*: bygewoon deur 18 kursusgangers.

* Algemeenvormende kursusse

Hierby is algemeenvormende en kennisverrykende kursusse en openbare lesings ingesluit. Gedurende 1983 is 55 geleenthede, wat ook 'n aantal openbare lesings insluit wat op ander sentrums aangebied is, deur 3963 persone bygewoon (University of Cape Town, 1983:55).

Die volgende voorbeelde word ter illustrasie vermeld:

- *Begrip van die ekonomie*: bygewoon deur 80 kursusgangers;
- *Die Middelljare*: bygewoon deur 53 kursusgangers;
- *Opera in die twintigste eeu*: bygewoon deur 53 kursusgangers;
- *Sterrekunde*: deur 35 kursusgangers bygewoon;
- *Afrika in die tagtigerjare*: deur 40 kursusgangers bygewoon.

* Somerskool

Die Somerskool wat uit 'n wye spektrum van algemeenvormende en kultuurverrykende programme bestaan, word jaarliks gedurende Januarie aangebied. Die 1983-Somerskool met 42 kursusse is deur 7528 persone bygewoon (University of Cape Town, 1983:16-17). Voorbeelde van Somerskoolkursusse ter illustrasie:

- *Die mens en die natuur*: bygewoon deur 136 persone;
- *Namibië vandag*: bygewoon deur 137 persone;
- *Fotografie*: bygewoon deur 144 persone;
- *Vroeë Griekse Filosofie*: bygewoon deur 443 persone.

5.2.6 Standaard van kursusse, toelatingsvereistes, eksaminering en sertifisering

Kursusse word op universiteits- en voor-universiteitsvlak aangebied (University of Cape Town, 1984:3).

Daar is geen spesifieke toelatingsvereistes vir algemeenvormende kursusse nie. Vir indiensopleidingskursusse egter, geld bepaalde toelatingsvereistes, byvoorbeeld registrasie as prokureur of verpleegkundige. Alle kursusse is vir lede van alle rasse toeganklik en daar word ook nie op grond van geslag, ouderdom of liggaamsgebrek gediskrimineer nie (University of Cape Town, 1984:3).

Daar word gewoonlik geen eksamens afgelê nie en bywoningsertifikate word soms uitgereik (University of Cape Town, 1984:3).

5.2.7 Kursusgangers

Die gemiddelde ouderdom van die kursusgangers is ongeveer 45 jaar (University of Cape Town, 1984:3).

5.2.8 Ander voortgesette onderwysaktiwiteite aan die universiteit

Kort voortgesette onderwyskursusse word op ongereelde basis deur departemente en fakulteite aangebied en is uiteraard vakgerig. 'n Enkele voorbeeld ter illustrasie is kursusse deur die departement Rekeningkunde aangebied. 'n Vereiste wat deur die universiteit gestel word is dat sodanige kursusse altyd selffinansierend moet wees. Die aanbieding van sodanige kursusse is nie problematies vir die *Centre* nie en die *Centre* is dikwels nie eens daarvan bewus nie (University of Cape Town, 1984:2).

5.2.9 Samevatting en evaluering

Uit die oorsig van voortgesette onderwys aan Suid-Afrikaanse universiteite aangebied, kan dit gestel word dat die aanbieding van die Universiteit van Kaapstad die verste van alle voortgesette onderwysaanbiedings aan Suid-Afrikaanse universiteite gevorder is (kyk ook paragraaf 6.5.1). Hierdie stelling word met die wye verskeidenheid van voortgesette onderwys-aktiwiteite en die groot aantal kursusgangers wat daarby betrokke is, gestaaf.

Hierdie besonder goeie ondersteuning van voortgesette onderwyskursusse wat deur die *Centre for Extra-Mural Studies* gereël word, kan onder meer aan die volgende redes toegeskryf word:

- * die universiteit is die oudste universiteit in Suid-Afrika;
- * die bekendheid by die gemeenskap van die aktiwiteite van die *Centre* en sy werksaamhede;
- * die universiteit se stedelike ligging;
- * dit is tans nog die enigste Engelse universiteit wat 'n Somerskool met 'n wye verskeidenheid van algemeenvormende en kultuurverrykende kursusse aanbied;
- * die aktualiteit van die kursusse, en wel spesifiek die openbare lesings, byvoorbeeld "*Namibië vandag*" en die voortdurende aanpassing van die temas.

Melding moet ook gemaak word van die skakeling met die openbare sektore deur die verteenwoordiging van laasgenoemde op die beheerraad van die *Centre*.

Besondere behoeftes aan voortgesette onderwys kan op dié wyse bepaal word. Voorts verdien die *Centre* se gedesentraliseerde aanbieding van voortgesette onderwys op die platteland ook vermelding.

Die feit dat gedurende 1983 (jongste beskikbare gegewens) 97 algemeenvormende kursusse gereël is wat deur 11541 kursusgangers bygewoon is, teenoor die 16 indiensopleidingskursusse vir professiebeoefenaars wat deur 710 kursusgangers bygewoon is, dui op 'n óórbeklemtone van algemeenvormende kursusse ten koste van indiensopleidingskursusse.

Vanweë die formaat van voortgesette onderwysaanbiedings en die gevestigdheid van die *Centre* sou die volgende verwag kon word:

- * dat vir spesifieke groepe in die gemeenskap, byvoorbeeld bejaardes, spesifieke kursusse aangebied sou kon word;
- * dat die minder konvensionele metodes van aanbieding van voortgesette onderwyskursusse, byvoorbeeld oudio- en video-kasette en korrespondensiekursusse, aandag sou geniet.

5.3 UNIVERSITEIT VAN NATAL

5.3.1 Oriëntering

Voortgesette onderwys word sedert 1972 op georganiseerde basis deur die *Extra-Mural Studies and Extension Unit* aangebied. Voor 1972 is voortgesette onderwys op ad hoc-basis deur verskeie departemente aangebied (University of Natal, Durban, 1984:1).

5.3.2 Die doel met voortgesette onderwys

Die doelstellings met voortgesette onderwys kan kortliks soos volg saamgevat word (University of Natal, Durban, 1983:1).

- * om vir die gemeenskap kultuurverrykende kursusse en ander geleenthede aan te bied (deur die afdeling vir Algemene Studies);
- * om vir die professiebeoefenaar opknappingskursusse aan te bied (deur die afdeling vir Professionele Studies);
- * om 'n nagraadse diplomakursus in volwasse onderwys aan te bied (deur die volwasse onderwysafdeling);
- * om voortdurende behoeftebepalings na voortgesette onderwys in die gemeenskap te doen en in hierdie behoeftes te voorsien (University of Natal, Durban, 1983(i)).

5.3.3 Die struktuur en beheer van die *Extra-Mural Studies and Extension Unit*

Die *Unit* funksioneer volgens 'n reglement en word beheer deur 'n advieskomitee van 11 lede met die Rektor (of sy verteenwoordiger) as voorsitter. Voorts word 3 lede uit die Senaat en 1 lid uit die Konvokasie op die

advieskomitee aangewys. Opmerklik is die feit dat 3 lede van die Studenteraad ook op die advieskomitee dien. Hierdie studenteverteenwoordiging dateer terug na 1971 toe die inisiatief vir die daarstelling van die *Unit* van die Konvokasie en die Studenteraad uitgegaan het. Dié verteenwoordiging van studente op die advieskomitee dien nie meer 'n doel nie, en dit word beoog om die reglement in dié verband te wysig (University of Natal, Durban, 1982:1).

Vir die Durban-kampus bestaan die personeel van die *Unit* uit 'n direkteur (op senior lektoraatvlak en met 'n deeltydse doseeropdrag), 1 dosent ("Social and Community Studies"), 1 programbestuurder (Algemene programme), en 2 administratiewe personeellede (University of Natal, Durban, 1983:14).

Vir die Pietermaritzburg-kampus bestaan die personeel uit 'n adjunk-direkteur (op lektoraatvlak) en 2 administratiewe personeellede (University of Natal, Durban, 1983:14).

Die *Unit* funksioneer outonoom maar is aan die fakulteit Opvoedkunde verbind met die aanbieding van 'n diplomakursus in volwasse onderwys (University of Natal, Durban, 1984:1).

5.3.4 Die finansiering van voortgesette onderwys

Die *Unit* is gedeeltelik-selfonderhoudend. Die koste van infrastruktuur en personeelsalarisse word deur die universiteit voorsien. Kursusaanbieders word uit kursusinkomste vergoed. Dit word in die vooruitsig gestel dat die *Unit* eventueel algeheel-selfonderhoudend moet wees (University of Natal, Durban, 1984:1).

5.3.5 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse deur die *Extra-Mural Studies and Extension Unit* aangebied

Voortgesette onderwyskursusse kan in drie hoofgroepe ingedeel word, naamlik algemene studies, professionele studies en die aanbieding van 'n na-graadse diploma in volwasse onderwys deur die volwasse onderwysafdeling.

Die volgende voorbeelde word ter illustrasie van elke hoofgroep vermeld:

* Algemene studies

Onder dié hoofgroep ressorteer algemeenvormende, kennis- en kultuur=verrykende kursusse wat deur middel van openbare lesings en na-uurse klasse aangebied word.

Voorbeelde van openbare lesings ("*Extension Lecture Courses*") is onder meer:

- *Karl Marx*: dié lesing is by 4 geleenthede aangebied en is deur 105 persone bygewoon;
- *Soeklig op die Suid-Afrikaanse Ekonomie*: dié lesing is 5 keer herhaal en is deur gemiddeld 36 persone bygewoon. Die doel met die lesing was om algemene ekonomiese begrippe en tendense aan die algemene publiek oor te dra;
- *Die kernwapenwedloop*: dié lesing is 3 keer herhaal en is deur gemiddeld 42 persone bygewoon. Die doel met die lesing was om die feite en gevolge van 'n kernoorlog aan die algemene publiek oor te dra.

Voorbeelde van na-uurse klasse as aanbiedingswyse van voortgesette onderwyskursusse is onder meer:

- Verskeie kursusse in die skone kunste, byvoorbeeld *kunsnaaldwerk, houtsneewerk, ontwerp-kuns*. Die doel met dié kursusse is om in 'n behoefte aan kennis oor vryetydsaktiwiteite te voorsien (kyk para=graaf 1.1);
- *Verskeie taalkursusse*, byvoorbeeld praktiese Afrikaans en beginnerskursusse in Frans en Italiaans (University of Natal, Durban, 1983: 2-5).

* Professionele studies

Onder dié hoofgroep ressorteer indiensopleidings- en opknappingskursusse vir professioneelbeoefenaars. Voorbeelde van sodanige kursusse is die volgende:

- *Verskeie rekenaarkursusse vir dataverwerkers, programmeerders en professiebeoefenaars, byvoorbeeld ingenieurs, aptekers en andere wat van die rekenaar gebruik maak;*
- *Verskeie opknappingskursusse vir verpleegkundiges, onderwysers en maatskaplike werkers* (University of Natal, Durban, 1983:6-7).

* Volwasse Onderwysafdeling

In medewerking met die fakulteit Opvoedkunde word vanaf 1984 'n na-graadse diplomakursus in volwasse onderwys aangebied (University of Natal, Durban, 1983:8).

5.3.6 Standaard van kursusse, toelatingsvereistes, eksaminering en sertifisering

Kursusse word op universiteits- en voor-universiteitsvlak aangebied (University of Natal, Durban, 1984:3).

Geen toelatingsvereistes word gestel nie en die standpunt word gehuldig dat belangstelling en ondervinding 'n persoon se deelname aan kursusse bepaal. Daar is voorts geen beperking op grond van ras, geloof of ouderdom nie (University of Natal, Durban, 1984:3).

Daar is bykans geen eksaminering nie en bywoningssertifikate word soms uitgereik (University of Natal, Durban, 1984:3).

5.3.7 Kursusgangers

Die grootste persentasie kursusgangers, naamlik 38% val in die ouderdomsgroep 36 tot 50 jaar. Die verhouding tussen manlike en vroulike kursusgangers is 38% teenoor 62% (University of Natal, Durban, 1984:3).

Kursusse word selde deur lede van ander rassegroepe bygewoon tensy spesiale programme vir hulle gereël word (University of Natal, Durban, 1984:3).

5.3.8 Ander voortgesette onderwysaktiwiteite aan die universiteit

Dit kom voor dat voortgesette onderwyskursusse onafhanklik van die *Unit* deur akademiese departemente gereël word. Uiteraard is sodanige kursusse altyd vakgerig. Dié kursusse hoef nie deur die *Unit* goedgekeur te word

nie, maar moet finansiëel selfonderhoudend wees. Voorbeelde van sodanige kursusse is onder meer opknappingskursusse vir rekenmeesters. Die aanbieding van voortgesette onderwyskursusse deur departemente is in geen opsig vir die *Unit* problematies nie (University of Natal, Durban, 1984:3).

5.3.9 Samevatting en evaluering

Uit die oorsig van voortgesette onderwys aan die universiteit van Natal, soos voorsien deur die *Extra-Mural Studies and Extension Unit*, blyk dit dat gedurende 1983 (jongste beskikbare gegewens) die volgende kursusse aangebied is:

- * Algemeenvormende, kennis- en kultuurverrykende kursusse: 39 kursusse wat deur 1773 kursusgangers bygewoon is;
- * professionele kursusse, dit wil sê indiensopleidings- en opknappingskursusse: 19 kursusse wat deur 860 kursusgangers bygewoon is.

Hieruit kan onder meer opgemerk word dat groter klem verhoudingsgewys (as byvoorbeeld by die universiteit van Kaapstad) op kursusse vir die professiebeoefenaar gelê word (University of Natal, Durban, 1983:1-7).

In aansluiting hierby blyk dit egter ook dat in 1983 geen indiensopleidings- of opknappingskursusse deur die *Unit* vir onder meer regsgeleerdes, ingenieurs en rekenmeesters aangebied is nie, maar dat besonder goeie voorsiening vir verpleegkundiges gemaak is.

Dit kan tot die slotsom geraak word dat die aantal en aard van voortgesette onderwyskursusse 'n wye spektrum dek en dat gepoog word om aan bestaande behoeftes vir indiensopleidings- en algemeenvormende kursusse te voldoen.

5.4 UNIVERSITEIT VAN PORT ELIZABETH

5.4.1 Inleiding

Alle voortgesette onderwysaktiwiteite aan dié universiteit word sedert 1979 deur die *Sentrum vir Voortgesette Onderwys* behartig (Universiteit van Port Elizabeth, 1984:1).

Die na-uurse graad- en diplomastudies van dié universiteit ressorteer ook onder die beheer van die *Sentrum vir Voortgesette Onderwys* (Universiteit van Port Elizabeth, 1978:1; in dié opsig verskil dit in geheel van ander Suid-Afrikaanse universiteite - JBE).

5.4.2 Die doel met voortgesette onderwys

Die doelstellings en funksies van die *Sentrum* kan kortliks soos volg saamgevat word:

- * om deur middel van voortgesette onderwys in die bepaalde onderwysbehoeftes van die breë gemeenskap te voorsien, byvoorbeeld kursusse in bedryfsleiding, kosteberekening, gesinsbeplanning, rekenaarwerk en leierskap;
- * om kultuurverrykende kursusse te voorsien, byvoorbeeld kursusse in die wetenskappe, kunswaardering, musiekwaardering en tale;
- * om opknappingskursusse vir professiebeoefenaars aan te bied, byvoorbeeld die media, aptekers en onderwysers;
- * om deeltydse graad-, diploma en sertifikaatopleiding te inisieer (Universiteit van Port Elizabeth, 1978:1).

5.4.3 Die struktuur en beheer van die *Sentrum vir Voortgesette Onderwys*

Die *Sentrum* funksioneer afsonderlik van enige fakulteit volgens 'n reglement en onder beheer van 'n beheerraad. Die beheerraad bestaan uit ses lede, naamlik 'n Raadsverteenvoordiger, 3 Senaatsverteenvoordigers, die Direkteur van die *Sentrum* en 'n lid van die administratiewe personeel van die universiteit wat deur die Rektor aangewys word (Universiteit van Port Elizabeth, 1978:3).

Die personeel van die *Sentrum* bestaan uit 'n direkteur (op professorale vlak en is lid van die Senaat van die universiteit), 'n vakkundige beampte, programkoördineerders, konsultante en die Bestuurder van die Kleinsake-eenheid (Universiteit van Port Elizabeth, 1984:1; kyk ook paragraaf 5.4.5).

5.4.4 Die finansiering van voortgesette onderwys

Die *Sentrum* is geheel selfonderhoudend en ontvang fondse uit donasies, borgskappe, toekennings van die Universiteitsraad en kursusgelde (Universiteit van Port Elizabeth, 1978:6).

5.4.5 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse deur die *Sentrum* vir Voortgesette Onderwys aangebied

Die kursusse kan in drie groepe onderskei word, naamlik indiensopleidingskursusse, algemeenvormende kursusse en die universiteitsvoorbereidingsprogram.

* Indiensopleidingskursusse

Vanweë die aard van die gemeenskap en die groot konsentrasie van nywerhede en industrieë in die Oos-Kaap, blyk dit dat groter klem op indiensopleidingskursusse as op ander kursusse, byvoorbeeld algemeenvormende kursusse, gelê word.

Enkele voorbeelde van indiensopleidingskursusse ter illustrasie is die volgende:

- *Indiensopleiding vir Swartonderwysers in primêre en sekondêre skoolvakke, byvoorbeeld Geografie, Algemene Wetenskap en Wiskunde;*
- *Opleiding vir Bankamptenare vir aflegging van die eksamen van die Instituut van Bankiers;*
- *Maatskaplike werk, byvoorbeeld opknappingskursusse in onderhoudvoering;*
- *Verpleegkunde, byvoorbeeld kursusse in terapeutiese kommunikasie in die hospitaal, hospitaalbestuur en wetenskaplike metodes van verpleegsorg;*
- *Boerderybestuur, byvoorbeeld die aanwending van die rekenaar in boerderybestuur;*
- *Plaaslike Owerheidswese: verskeie kursusse in medewerking met die Oos-Kaapse Ontwikkelingsraad;*
- *Kleinsake-eenheid (Die Sentrum het sy eie Kleinsake-eenheid waar op deurlopende basis konsultantediens en opleiding aangebied)*

word, byvoorbeeld bemarkingstegnieke, kommunikasie en doel-treffende sakebestuur (University of Port Elizabeth, 1982:1-4).

* Algemeenvormende kursusse

- Voorbereiding vir aftrede: byvoorbeeld finansiële beplanning vir aftrede; mediese voorsorg en huisvesting na aftrede;
- Taalkursusse: byvoorbeeld beginnerskursusse in Xhosa;
- Gesinslewe: byvoorbeeld huweliksverrykingskursusse en gesinsteraapie (University of Port Elizabeth, 1982:3).

* Universiteitsvoorbereidingsprogram ("University Preparation Programme") (UPP)

'n Tweejarige kursus in Wiskunde, Engels en Natuurwetenskappe word aangebied om anderkleurige matrikulante voor te berei vir universiteitstudie (University of Port Elizabeth, 1984:4).

5.4.6 Standaard van kursusse, toelatingsvereistes, eksaminering en sertifisering

Kursusse word op universiteits- en voor-universiteitsvlak aangebied. Toelatingsvereistes vir kursusse word deur die aard van die kursus bepaal en uiteraard het elke kursus sy eie toelatingsvereistes. Alle kursusse is vir alle rassegroepe toeganklik.

Eksaminering vind soms plaas en bywoningsertifikate word gewoonlik uitgereik (Universiteit van Port Elizabeth, 1984:4).

5.4.7 Kursusgangers

Die gemiddelde ouderdom van kursusgangers is 35 jaar en die verhouding manlike teenoor vroulike kursusgangers is 60% teenoor 40% (Universiteit van Port Elizabeth, 1984:4).

'n Opmerklik hoë persentasie, naamlik 65%, anderkleuriges woon kursusse by. Hierdie feit kan aan die groot sametrekking van anderkleuriges in die voedingsgebied van die universiteit en spesifieke kursusse wat vir dié groepe gereël word, toegeskryf word (Universiteit van Port Elizabeth, 1984:4).

5.4.8 Samevatting en evaluering

Voortgesette onderwys word aan dié universiteit deur die *Sentrum vir Voortgesette Onderwys* behartig. Voortgesette onderwys as sodanig vorm egter maar 'n onderdeel van die werksaamhede van die *Sentrum* aangesien alle na-
 uurse graad- en diplomastudies deur die *Sentrum* geadministreer word. In dié opsig verskil voortgesette onderwysaanbiedings van dié universiteit aansienlik van ander universiteite waar die voortgesette onderwyseenhede spesifiek slegs vir voortgesette onderwys in al sy variante vorms verantwoordelik is. Hierdie feit bemoeilik ook sinvolle vergelyking met voortgesette onderwys deur ander universiteite aangebied.

Uit 'n oorsig van alle voortgesette onderwyskursusse deur dié universiteit aangebied blyk dat, vanweë die universiteit se ligging in 'n nywerheidsstad en met 'n konsentrasie van industrieë in die voedingsgebied van die universiteit, groter klem op opknappings- en indiensopleidingskursusse vir die professiebeoefenaar as op algemeenvormende kursusse vir die algemene publiek gelê word. In dié opsig verskil dié voortgesette onderwyskursusse van ander universiteite, byvoorbeeld Kaapstad en Natal waar groter klem op algemeenvormende kursusse gelê word. Dit kan egter gestel word dat die voortgesette onderwyskursusse 'n wye spektrum dek en in die voortgesette onderwysbehoefte van die professiebeoefenaar en algemene publiek voldoen. Hierdie *Sentrum* is die enigste wat reeds finansiële heeltelma selfonderhoudend is.

5.5 UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

5.5.1 Oriëntering

Dié universiteit beskik tans nog nie oor 'n sentrale of afsonderlike voortgesette onderwyseenheid nie. Voortgesette onderwys word egter vir ten minste die afgelope twintig jaar selfstandig deur departemente aan die universiteit aangebied. Dit word beplan om voortgesette onderwys in die nabye toekoms as afdeling van 'n Buro vir Universiteitsonderwys te laat funksioneer (Universiteit van Pretoria, 1984:1).

5.5.2 Die doel met voortgesette onderwys

Die doel met voortgesette onderwys aan dié universiteit is primêr om deur middel van opknappings- of indiensopleidingskursusse in die behoefte aan voortgesette onderwys van afgestudeerdes, dit wil sê professiebeoefenaars, te voorsien, en sekondêr om deur middel van algemeenvormende en kultuurverrykende voortgesette onderwysprogramme gemeenskapsdiens te lewer (Universiteit van Pretoria, 1984:2).

5.5.3 Die finansiering van voortgesette onderwys

Inkomste word uit kursusgelde verkry. Na afloop van 'n kursus kom enige oorskot die aanbiedende departement toe. Winste is egter nooit 'n motief vir die aanbieding van 'n kursus nie (Universiteit van Pretoria, 1984:2).

Dit word voorsien dat die beoogde afdeling vir voortgesette onderwys (kyk paragraaf 5.5.1) gedeeltelik selfonderhoudend sal wees (Universiteit van Pretoria, 1984:2).

5.5.4 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse (deur departemente aangebied; kyk paragraaf 5.5.2 vir die doel met hierdie kursusse)

* Opknappingskursusse vir professiebeoefenaars

- *Kursusse vir geneeshere* aangebied deur die verskillende mediese departemente en fakulteit;
- *Kursusse vir tandartse* deur die verskillende tandheelkundige departemente aangebied;
- *Kursusse vir veeartse* te Onderstepoort deur die fakulteit Veeartsenykunde aangebied;
- *Verskeie kursusse vir ouditeure* aangebied deur die departement Rekeningkunde;
- *Verskeie kursusse vir regsgeleerdes* aangebied deur die fakulteit Regte en in medewerking met professionele rade (Universiteit van Pretoria, 1984:2).

* Algemeenvormende en kultuurverrykende kursusse

- *Huweliksberaad*, en
- *Kommunikasie in die gesin*; aangebied deur die departement Maat-

skaplike Werk;

- *Spel terapie*, aangebied deur die departement Liggaamlike Opvoeding;
- *Binnenshuisversiering*, aangebied deur die departement Huis-houdkunde (Universiteit van Pretoria, 1984:2).

5.5.5 Standaard van kursusse, toelatingsvereistes, eksaminering en sertifisering

Kursusse word op universiteits- en voor-universiteitsvlak aangebied (Universiteit van Pretoria, 1984:4).

Ten opsigte van toelatingsvereiste word 'n onderskeid gemaak tussen voortgesette onderwysprogramme, dit wil sê kursusse vir die professiebeoefenaar, waar 'n voorafkwalifikasie uiteraard noodsaaklik is, en voortdurende onderwys, dit wil sê, algemeenvormende kursusse waar geen spesifieke voorafkwalifikasie vereis word nie (Universiteit van Pretoria, 1984:4).

Eksaminering vind slegs by hoë uitsondering plaas en bywoningsertifikate word soms uitgereik (Universiteit van Pretoria, 1984:4).

5.5.6 Samevatting en evaluering

By 'n oorsig van voortgesette onderwys aangebied deur dié universiteit, kan die volgende vermeld word:

- * dit is opvallend dat terwyl dié universiteit een van die oudste en grootste universiteite in Suid-Afrika is, daar nog nie 'n sentrale voortgesette onderwyseenheid funksioneer nie;
- * desnieteenstaande egter, word voortgesette onderwys oor 'n wye spektrum deur akademiese departemente vir sowel die professiebeoefenaar as die algemene publiek aangebied.

5.6 RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

5.6.1 Inleiding

Sedert 1982 word voortgesette onderwys aan dié universiteit deur die *Buro vir Voortgesette Onderwys* behartig (Randse Afrikaanse Universiteit, 1984:1).

5.6.2 Die doel met voortgesette onderwys

Die doelstellings van die *Buro* kan soos volg saamgevat word (Randse Afrikaanse Universiteit, 1981:1-2):

- * om, na behoorlike verkenning van die behoeftepatroon, te besluit op welke terrein die Universiteit hom behoort toe te spits en daarna die prioriteite te bepaal (die *Buro* inisieer dus self ook voortgesette onderwyskursusse -JBE);
- * om die gemeenskap, en meer bepaald die Afrikaner, se behoefte aan lewenslange leer te stimuleer;
- * om by wyse van onderwysprogramme aandag te verleen aan aktuele probleme, studieverdele en behoeftes op ekonomiese, kulturele, sosiale, politieke, godsdienstige, opvoedkundige, tegnologiese en beroepskundige terreine (Randse Afrikaanse Universiteit, 1981:2);
- * om 'n konsultasiediens ten opsigte van opleidingskursusse vir die private sektor te lewer (voorbeeld hiervan is 'n opleidingskursus wat spesiaal vir EVKOM aangebied is en 'n kursus in die gebruik van die rekenaar deur ingenieurs wat vir die SA Vervoerdienste aangebied is)(Randse Afrikaanse Universiteit, 1984:2).

5.6.3 Die struktuur en beheer van die *Buro vir Voortgesette Onderwys*

Die *Buro* funksioneer volgens 'n reglement, is gekoppel aan die fakulteit Opvoedkunde en word deur 'n beheer Komitee bestaande uit 19 lede, beheer. Die beheer Komitee is soos volg saamgestel: Die Rektor; twee Vise-Rektore (een tree as voorsitter op); die Direkteur van Openbare Betrekkinge; die Direkteur van die RAU-stigting; die Direkteur van die Witwatersrandse Technikon; die voorsitter van die RAU-Alumni-vereniging; die Streekhoof van Kultuurbevordering; 'n verteenwoordiger van die Johannesburgse Afrikaanse Sakekamer; 2 dameslede met die oog op vroue-belange (word deur die Raad aangewys); 2 lede deur die Universiteitsraad benoem; 6 verteenwoordig-

gers van die Senaat (ten minste een uit elke fakulteit) en die Direkteur van die Buro vir Voortgesette Onderwys (Randse Afrikaanse Universiteit, 1981:2).

Die beheerkomitee funksioneer doeltreffend. Goeie skakeling tussen die *Buro* en die akademiese departemente word deur die 6 Senaatsverteenwoordigers verkry. Voorts dien die verteenwoordigers van buite-instansies ook as goeie skakel met die *Buro* en kan bepaalde behoeftes aan voortgesette onderwys ondervang word (Randse Afrikaanse Universiteit, 1981:2).

Die personeel van die *Buro* bestaan uit 'n direkteur (op professoraatvlak, met beperkte doseeropdrag en is lid van die Senaat van die universiteit), 'n kursuskoördineerder, en enkele administratiewe personeellede (Randse Afrikaanse Universiteit, 1984:1).

5.6.4 Die finansiering van voortgesette onderwys

Die *Buro* is gedeeltelik selfonderhoudend met die oogmerk om mettertyd volkome selfonderhoudend te wees. Die salarisse van die personeel word deur die universiteit gefinansier. Lopende en ander koste word uit kursusgelde gefinansier (Randse Afrikaanse Universiteit, 1984:2).

5.6.5 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse deur die *Buro vir Voortgesette onderwys* aangebied

Die kursusse kan in drie hoofgroepe onderskei word, naamlik indiensopleiding vir die professiebeoefenaar, algemeenvormende kursusse en gemeenskapsdiens (dit word algemeen aanvaar dat gemeenskapsdiens juis deur voortgesette onderwys gelewer kan word - JBE; vergelyk ook paragraaf 3.4).

* Indiensopleiding vir die professiebeoefenaar

- *Aktevervaardiging*: 'n kursus vir prokureurs deur die fakulteit Regte aangebied;
- "*Groundwater Seepage*": 'n indiensopleidingskursus vir ingenieurs aangebied deur die departement van Siviele Ingenieurswese;
- *Gemeenskapswerk vir Kleurlingkomitees*: 'n indiensoplei=

dingskursus vir maatskaplike werkers.

* Algemeenvormende kursusse

- *h Kursus in komitee-administrasie (Kleurlinge)*: h kursus oor onder meer vergaderingsprosedure vir lede van vrywilligerorganisasies;
- *Inleidende Spaans en inleidende Portugees*: beginnerskursusse met die oog op die moontlike instelling van formele kursusse in dié tale aan die universiteit.

* Gemeenskapsdiens

- *Sistematiese opleiding vir effektiewe kinderopvoeding (die sogenaamde "SOEK-kursus")*: h ouerverrykingskursus deur die fakulteit Opvoedkunde aangebied;
- *My kind en televisie*: h kursus vir ouers deur die fakulteit Opvoedkunde aangebied;
- *Die stigting van h Afrikaanse Dramaraad* in medewerking met die ATKV word tans beplan (Randse Afrikaanse Universiteit, 1984:3-4).

* INSTRUCTA

Dit is h tweejaarlikse uitstalling van onderwys- en opleidingshulpmiddels en is vergelykbaar met die Somerskole van die PU vir CHO (kyk hoofstuk 6) en die Universiteit van Kaapstad (kyk paragraaf 5.2.5). Saam met die uitstalling word h reeks kort kursusse en konferensies, byvoorbeeld vir arbeidsleiers, onderwysers, ingenieurs, opleidingsbeamptes en predikante aangebied (Randse Afrikaanse Universiteit, 1984:4).

5.6.6 Standaard van kursusse, toelatingsvereistes, eksaminering en sertifisering

Kursusse word op universiteits- en voor-universiteitsvlak aangebied (Randse Afrikaanse Universiteit, 1984:4).

h Voorafkwalifikasie is uiteraard noodsaaklik vir h indiensopleidingskursus vir die professiebeoefenaar. Vir algemeenvormende kursusse geld geen spesifieke toelatingsvereiste nie (Randse Afrikaanse Universiteit, 1984:4).

Eksaminering vind soms plaas (byvoorbeeld: *Aktevervaardiging*) in welke geval 'n sertifikaat uitgereik word. Bywoningssertifikate word soms uitgereik (Randse Afrikaanse Universiteit, 1984:4).

5.6.7 Kursusgangers

Die gemiddelde ouderdom van kursusgangers is 40 jaar en die verhouding tussen manlike en vroulike kursusgangers is 60% teenoor 40% (Randse Afrikaanse Universiteit, 1984:4).

5.6.8 Ander voortgesette onderwysaktiwiteite aan die universiteit

Benewens voortgesette onderwys deur die *Buro* aangebied word verskeie kort kursusse deur departemente gereël, byvoorbeeld kursusse vir prokureurs en verpleegkundiges. Hierdie kursusse hoef nie deur die *Buro* goedgekeur te word nie, en die *Buro* kan teen vergoeding behulpsaam wees met die organisasie en aanbieding daarvan. Die feit dat voortgesette onderwyskursusse ook deur departemente aangebied word is nie 'n wesenlike probleem vir die *Buro* nie behalwe dat die *Buro* dikwels onbewus is van die aanbiedings en derhalwe nie in staat is om navrae van moontlike kursusgangers en die publiek daaroor te kan beantwoord nie, en dit tot onnodige verleentheid aanleiding gee. Dié aanbiedings word ontmoedig ten einde te verseker dat alle voortgesette onderwys aan dié universiteit deur een sentrale kantoor, naamlik die *Buro* aangebied word (Randse Afrikaanse Universiteit, 1984:2).

5.6.9 Samevatting en evaluering

Uit 'n oorsig van voortgesette onderwys aan hierdie universiteit aangebied kan die volgende opgemerk word:

- * die *Buro vir Voortgesette Onderwys* word deur 'n wyd-saamgestelde beheerraad beheer en daar is goeie skakeling tussen die *Buro* en die akademiese departemente van die universiteit sowel as met die private en openbare sektore. Hierdie skakeling lei daartoe dat die behoefte aan voortgesette onderwys aan sowel die universiteit as in die private en openbare sektore gereedelik onder die aandag van die *Buro* kom;

- * die doelstellings met voortgesette onderwys stem wesenlik ooreen met dié van ander universiteite, naamlik om indiensopleidings- of opknappingskursusse vir die professiebeoefenaar te voorsien, en om aan die gemeenskap algemeenvormende en kennis- en kultuurverrykende kursusse te bied en om op hierdie wyse die universiteit se kundighede aan die gemeenskap beskikbaar te stel;
- * dit blyk voorts uit die oorsig van die werksaamhede van die *Buro* dat die doelstelling "... om die gemeenskap, en meer bepaald die Afrikaner, se behoefte aan lewenslange leer te stimuleer" (kyk paragraaf 5.6.2), wel aandag ontvang deur die wye verskeidenheid van voortgesette onderwyskursusse (byvoorbeeld onder meer dié wat spesifiek vir Afrikaanse predikante, onderwysers en ouers aangebied word, en ook deur die te stigte Afrikaanse Dramaraad; kyk paragraaf 5.6.5);
- * ofskoon die *Buro* tans maar eers in sy vierde bestaansjaar is, en die eerste jare normaalweg hoofsaaklik vestigingsjare is, kan die volgende navolgenswaardige aspekte egter reeds opgemerk word:
 - die doeltreffende skakeling met die private en openbare sektore wat tot die aanbieding van voortgesette onderwyskursusse op versoek van dié instansies lei (kyk paragraaf 5.6.2);
 - die tweejaarlikse *INSTRUCTA* wat nie slegs kursusse in die vorm van lesings, seminare, werkswinkels en konferensies is nie, maar ook 'n geleentheid vir die uitstalling en demonstrasie van onderwyshulpmiddels bied;
- * dit blyk egter andersyds uit die oorsig van voortgesette onderwys aan dié universiteit dat daar nog nie aandag aan die volgende wyses van aanbieding van voortgesette onderwyskursusse gegee word nie: oudio- en video-kasette, korrespondensie-onderrig, rekenaargesteurde onderrig en gedesentraliseerde aanbiedings van voortgesette onderwyskursusse.

5.7 UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

5.7.1 Inleiding

Voortgesette onderwys word sedert 1980 deur die *Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys* hanteer. Vanaf 1967 is voortgesette onderwys onder die versamelnaam "*Indiensopleiding*" op georganiseerde basis aangebied (Universiteit van Stellenbosch, 1984:1).

5.7.2 Die doel met voortgesette onderwys

Die doel met voortgesette onderwys kan soos volg saamgevat word:

- * Die universiteit huldig die standpunt dat voortgesette onderwys 'n essensiële komponent van enige onderwysstelsel is, en dat dit vir beide mannekragbehoefte en potensiaalverwesenliking van sy inwoners van wesenlike belang vir die RSA is.
- * Die universiteit is voorts van mening dat universiteite vir voortgesette onderwys aan veral gegradueerdes/gediplomeerdes van universiteite verantwoordelik is, en dat alle kursusse/programme wat aangebied word van 'n tersiër aanvaarbare akademiese of professionele standaard moet wees.
- * Die *Buro* het 'n funksie om voortgesette onderwys te stimuleer, te koördineer en professionele advies te gee (Universiteit van Stellenbosch, (1980(b), Bylae B1:2).

5.7.3 Struktuur en beheer van die *Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys*

Die *Buro* funksioneer volgens 'n reglement en oorkoepelende beheer geskied deur die *Senaatskomitee insake Universiteits- en Voortgesette Onderwys*. Die Komitee is soos volg saamgestel:

- * Die Rektor (of sy verteenwoordiger)(Voorsitter);
- * 'n Senaatsverteenwoordiger (Voorsitter: Sub-Komitee vir universiteitsonderwys: Akademies en Navorsing);
- * 'n Senaatsverteenwoordiger (Voorsitter: Sub-Komitee vir Universiteitsonderwys: Onderwysmedia);
- * 'n Senaatsverteenwoordiger (Voorsitter: Sub-Komitee vir Voortgesette Onderwys insluitende Verrykingsonderwys);
- * 'n Senaatsverteenwoordiger (Voorsitter: Sub-Komitee vir Geneeskundige en Tandheelkundige Onderwys);
- * Twee verdere Senaatsverteenwoordigers;
- * Die Direkteur: Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys;
- * Die Direkteur: Buro vir Geneeskundige en Tandheelkundige Onderwys;
- * Die Registrateur (Akademies)(Universiteit van Stellenbosch, 1980:1).

Benewens bogemelde Komitee vir oorkoepelende beheer word direkte beheer oor die *Buro* deur die *Sub-Komitee vir Voortgesette Onderwys insluitende verrykingsonderwys* uitgeoefen. Verrykingsonderwys verwys onder meer na algemeenvormende kursusse (ofskoon algemeenvormende kursusse nie in die doelstelling van die *Buro* vermeld word nie - JBE).

Die *Sub-Komitee* is soos volg saamgestel:

- * 'n Senaatslid as voorsitter;
- * 4 ander dosente;
- * Die Registrateur (Akademies)(of sy verteenwoordiger);
- * Die Direkteur en Adjunk-Direkteur van die Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys;
- * 'n Verteenwoordiger van die Buro vir Geneeskundige en Tandheelkundige Onderwys.

Die doel met hierdie verteenwoordiging is om skakeling tussen die twee Buro's te bewerkstellig ten einde voortdurend op hoogte te bly van die werksaamhede van die twee Buro's en om daardeur moontlike oorvleueling in werksaamhede uit te skakel (Universiteit van Stellenbosch, 1980(a); Bylae A4:1).

Die *Buro* is nie aan 'n fakulteit gekoppel nie en funksioneer heeltemal onafhanklik (Universiteit van Stellenbosch, 1984:1).

Die Direkteur van die *Buro* beklee 'n professoraat, het 'n beperkte doseer=opdrag in Tersiere Didaktiek, is lid van die Senaat en ook 'n ex officio-lid van alle fakulteitsrade ten einde skakeling tussen die *Buro* en akademiese departemente te bewerkstellig en behoeftes aan voortgesette onderwyskursusse te ondervang. Tans maak die Direkteur nog nie dikwels van hierdie skakelmeganisme gebruik nie, maar dit word voorsien dat dit in die toekoms in toenemende mate gebruik sal word (Universiteit van Stellenbosch, 1984:1).

5.7.4 Die finansiering van voortgesette onderwys

Die *Buro* is nie finansieel selfonderhoudend nie en salarisse en infrastruktuur word deur die universiteit bekostig. Inkomste word uit kursusgelde, borgskappe en skenkings verkry. Na afloop van elke projek word 10% van enige oorskot in 'n reserwefonds gestort. Die balans word tot die beskikking van die aanbiedende departement gestel.

Die reserwefonds word aangewend om verliese uit te wis indien kursusse op 'n verlies sou uitloop. Voorts kan dit na oorleg vir voortgesette onderwysprojekte aangewend word (Universiteit van Stellenbosch, 1980(b): Bylae B1:6-7).

5.7.5 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse

Binne die doelstellings van die *Buro* met voortgesette onderwys (kyk paragraaf 5.7.2) kan drie hoofgroepe kursusse onderskei word, en word die volgende voorbeelde ter illustrasie vermeld:

* Indiensopleidings- en opknappingskursusse vir professiebeoefenaars

In alle gevalle is dit professionele voortgesette onderwys wat ten doel het om nuwere kennis, kundighede en tegnieke op die betrokke vakgebiede aan die professiebeoefenaar oor te dra:

- *Geneeskunde: byvoorbeeld 'n kort kursus in praktykbestuur.* Voorts word bykans elke Saterdagoggend 'n voortgesette onderwyskursus vir medici aangebied. Kursusse word ook gedentraliseer aangebied byvoorbeeld 'n *driedaagse kursus in interne geneeskunde* wat onder meer te Upington aangebied is en waarby die *Buro* met reëlins betrokke was;
- *Onderwysers:* enkele voorbeelde is die *jaarlikse seminaar oor agt dae vir nuwe skoolhoofde* wat op kontrakbasis namens die Kaaplandse Onderwysdepartement aangebied word, en *vakgerigte kursusse byvoorbeeld Afrikaans en Wiskunde.* Hierdie kursusse word dikwels ook gedentraliseer (op die platteland) aangebied;
- *Navorsingsbeamptes:* 'n kursus in elektronmikroskopie;
- *Arbeidsterapeute:* 'n opknappingskursus oor nuwere tegnieke, byvoorbeeld onderhoudvoering;
- 'n *Konstruksiebestuursprogram vir siviele ingenieurs:* dié kursus word in medewerking met die universiteite van Pretoria en Kaapstad aangebied en roteer jaarliks tussen die drie kampusse;
- *Internasionale en nasionale konferensies:* sodanige konferensies word as deel van voortgesette onderwysaanbiedings vir sowel die professiebeoefenaar as verrykingsonderwys geag (kyk ook paragraaf 5.7.2). Die *Buro* bied sy dienste aan instansies wat konferensies reël aan en voorsien die kundiges om (byvoorbeeld) lesings aan te bied en werkswinkels en groepbesprekings te lei (Universiteit van Stellenbosch, 1984:3).

* Gemeenskapsdiens

- 'n *Opknappingskursus in Wiskunde vir voornemende studente wat diensplig voltooi* het word in hierdie kategorie vermeld (Universiteit van Stellenbosch, 1984:3).

* Algemeenvormende kursusse

Hierdie kursusse word hoofsaaklik tydens die jaarlikse Winterskool aangebied. Die Winterskool strek oor een tot twee weke en kan tot ongeveer 20 kursusse insluit. Die volgende voorbeelde van kursusse word ter illustrasie vermeld:

- *Regsbeginsels vir die leek:* die kursus strek oor vier aande en sluit die volgende onderwerpe in: huweliksreg, erfreg, kontrakreg en belastingreg;

- *My persoonlike rekenaar - hoe om een te koop en dit die eerste keer reg te doen:* 'n beginnerskursus wat oor twee aande aangebied is;
- *Musiek en publiek:* 'n kursus oor vyf middag en sluit dié onderwerpe in: die ontwikkeling van klassieke musiek sedert 1884; moontlike oorsake vir die kloof tussen hedendaagse musiek en die moderne mens en "rock" en "pop" vandag;
- *Spel en sport: 'n filosofiese oefening:* die kursus is gedurende twee oggendsessies van een uur elk aangebied en die volgende temas is behandel: wat is spel en sport? en watter beginsels en riglyne behoort vir sportvoorsiening te geld? (Universiteit van Stellenbosch, 1984(a):1-11; vergelyk ook Universiteit van Stellenbosch, 1984:3).

Voortgesette onderwyskursusse word hoofsaaklik by wyse van lesings, seminare, konferensies, werksinkels, teoretiese en praktiese sessies aangebied. Die korrespondensiemetode van aanbidding van voortgesette onderwyskursusse vir die professiebeoefenaar word egter as 'n besliste moontlikheid beskou en sal in die toekoms aandag moet geniet. Dit is nie altyd vir die professiebeoefenaar, byvoorbeeld vanweë werksomstandighede en lang afstande, moontlik om 'n kursus aan die universiteit by te woon nie.

Andersyds kan dit gestel word dat voortgesette professionele onderwys inderdaad reeds by implikasie deur korrespondensie aangebied word, byvoorbeeld vir die medikus deur middel van die tydskrif van die SA Mediese Vereniging (Universiteit van Stellenbosch, 1984:3).

5.7.6 Standaard van kursusse, toelatingsvereistes, eksaminering en sertifisering

Voortgesette onderwyskursusse word op tersiêre vlak aangebied (kyk ook paragraaf 5.7.2) en die standaard van aanbidding wissel van eerstejaarsvlak (byvoorbeeld voorbereidende Wiskunde) tot nagraadse vlak (Universiteit van Stellenbosch, 1984:4).

Toelatingsvereistes word deur die aard van die kursus bepaal, byvoorbeeld gematrikuleerd of gegradueerd. Vir algemeenvormende en kultuurverrykende kursusse geld geen toelatingsvereistes nie. Alle kursusse is vir alle rassegroepe toeganklik (Universiteit van Stellenbosch, 1984:4).

Eksamens word soms afgeneem. Sertifisering geskied by wyse van 'n verklaring dat die kursus suksesvol voltooi of bygewoon is (Universiteit van Stellenbosch, 1980(b), Bylae B1:6).

5.7.7 Kursusgangers

Die gemiddelde ouderdom van kursusgangers is 40 jaar en die verhouding tussen die geslagte is 3 mans teenoor 1 dame (Universiteit van Stellenbosch, 1984:4).

5.7.8 Ander voortgesette onderwysaktiwiteite aan die universiteit

Voortgesette onderwyskursusse word baie selde deur departemente in die fakulteit Lettere aangebied, maar redelik dikwels deur departemente in die fakulteit Ingenieurswese, Regte en Natuurwetenskap. Hierdie kursusse word voorts dikwels in medewerking met professionele rade aangebied en die *Buro* verleen baie selde administratiewe en ander hulp aan sodanige kursusaanbiedings. Indien die *Buro* wel aan projekte, wat deur die beheerkomitee van die *Buro* goedgekeur is, hulp verleen, geskied dit tans nog sonder vergoeding vir die *Buro*. 'n Stelsel van vergoeding word nog in die vooruitsig gestel. Die belangrikste rede waarom kursusse deur die beheerkomitee goedgekeur moet word is om te verseker dat professionele voortgesette onderwys aangebied word (Universiteit van Stellenbosch, 1980(b), Bylae B1:6; vergelyk ook Universiteit van Stellenbosch, 1984:2).

5.7.9 Samevatting en evaluering

Voortgesette onderwys aan dié universiteit word ewenas by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (kyk paragraaf 5.8) as onderafdeling van die *Buro* vir *Universiteitsonderwys* hanteer, maar in hierdie geval word voortgesette onderwys deur 'n afsonderlike Sub-komitee beheer.

Twee aspekte van voortgesette onderwys wat in die doelstellings met voortgesette onderwys by alle Suid-Afrikaanse universiteite geïmpliseer word, word in die doelstellings met voortgesette onderwys aan hierdie universiteit pertinent vermeld, naamlik dat voortgesette onderwys 'n essensiële komponent van enige onderwysstelsel is, en dat dit 'n bydrae tot voorsiening in mannekragbehoefte en potensiaalverwesenliking van die land se inwoners kan lewer.

Ofskoon die Direkteur van die *Buro* tans nog selde daarvan gebruik maak, word dit reglementêr bepaal dat hy 'n ex officio-lid van alle fakulteitsrade is en kan hierdeur doeltreffende skakeling tussen die *Buro* en die akademiese departemente bewerkstellig, en behoeftes aan bepaalde voortgesette onderwyskursusse bepaal word. Hierdie stelsel van skakeling tussen die voortgesette onderwyseenheid en akademiese departemente is by geen ander Suid-Afrikaanse universiteit in werking nie.

In hierdie verband moet ook verwys word na die skakeling tussen twee *Buro*'s wat vir die aanbieding van voortgesette onderwys verantwoordelik is, naamlik die *Buro* vir Geneeskundige en Tandheelkundige Onderwys en die *Buro* vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys. Eersgenoemde *Buro* het 'n verteenwoordiger op die beheerkomitee vir voortgesette onderwys. Op dié wyse word verseker dat oorvleueling met die aanbieding van voortgesette onderwyskursusse nie voorkom nie.

Uit 'n oorsig van die werksaamhede van die *Buro* ten opsigte van voortgesette onderwys blyk dat in ooreenstemming met die doelstellings van die *Buro* 'n wye spektrum van voortgesette onderwyskursusse vir die professie-beoefenaar, en ook 'n aantal algemeenvormende kursusse vir die algemene publiek aangebied word, ofskoon laasgenoemde kursusse nie in die doelstellings met voortgesette onderwys vermeld word nie.

'n Aspek wat besondere vermelding verdien (kyk ook paragraaf 6.5.10), is die feit dat hierdie universiteit die enigste is wat ten opsigte van voortgesette onderwysaanbiedings met ander universiteite saamwerk, naamlik in die aanbieding van 'n voortgesette onderwyskursus vir ingenieurs word met die universiteite van Pretoria en Kaapstad meegewerk.

5.8 UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRystaat

5.8.1 Ten aanvang

Voortgesette onderwys word deur die *Afdeling Nie-formele Onderwys van die Buro vir Universiteitsonderwys* aangebied, en is nie aan 'n fakulteit gekoppel nie (Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984:1).

5.8.2 Die doel met voortgesette onderwys

Dit is die beleid van die universiteit dat sy aktiwiteite tot onderrig, navorsing en samelewingsdiens gerig word en hiertoe lewer voortgesette onderwys 'n bydrae (Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984:2).

5.8.3 Die struktuur en beheer van die *Afdeling Nie-formele Onderwys*

Die *Afdeling* funksioneer volgens 'n konstitusie en word deur die beheerraad van die Buro vir Universiteitsonderwys beheer.

Skakeling tussen die *Afdeling Nie-formele Onderwys* en akademiese departemente is nie baie doeltreffend nie, en geskied deurdat die *Afdeling* self, of in medewerking met departemente kursusse inisieer, en dan met die betrokke departement oorleg pleeg vir die aanbieding daarvan.

Die personeel van die *Afdeling Nie-formele Onderwys* bestaan uit 'n Afdelingshoof (op die vlak van Eerste Administratiewe Beampte) (wat nie 'n doseertaak het nie en ook nie lid van die Senaat is nie), en 3 verdere administratiewe personeellede (Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984:1).

5.8.4 Die finansiering van voortgesette onderwys

Die *Afdeling* is selfonderhoudend in dié sin dat elke nie-formele onderwysprogram selfbekostigend moet wees. Die salarisse van die afdelingshoof en tikster word deur die universiteit bekostig terwyl die *Afdeling* die salaris van die ander personeel moet bybring (Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984:2).

5.8.5 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse deur die *Afdeling Nie-formele Onderwys* aangebied

Die kursusse kan in twee hoofgroepe onderskei word, naamlik indiensopleidings- of opknappingskursusse vir professiebeoefenaars en algemeenvormende en kultuurverrykende kursusse, en die volgende voorbeelde word vermeld:

* Indiensopleidings- of opknappingskursusse vir professiebeoefenaars

- *Medici*: verskeie kort opknappingskursusse, byvoorbeeld kursusse in huisartskunde en intensiewe sorg;
- *Verpleegkundiges*: opknappingskursusse: byvoorbeeld troumatologie; algemene verpleegbeplanning en kraamverpleging;
- *Onderwysers*: byvoorbeeld Wiskunde-opknappings en 'n vakdidaktiek-simposium;
- *Predikante*: verskeie opknappingskursusse, byvoorbeeld: huweliksverryking en dogmatiek (Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984:3).

* Algemeenvormende kursusse

'n Enkele voorbeeld word ter illustrasie vermeld, naamlik: *My kind en televisie*: 'n kennisverrykingskursus vir ouers deur die *Afdeling* aangebied na aanleiding van navorsing in dié verband deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gedoen (Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984:3).

5.8.6 Standaard van kursusse, toelatingsvereistes, eksaminering en sertifisering

Indiensopleidings- of opknappingskursusse word op universiteitsvlak aangebied. 'n Voorafkwalifikasie, byvoorbeeld, registrasie as verpleegkundige, word as toelatingsvereiste vir indiensopleidingskursusse vereis. Vir algemeenvormende kursusse word geen voorafkwalifikasie vereis nie.

Eksamens word soms afgeneem en op grond van bywoning van kursusse word 'n bywoningsertifikaat uitgereik (Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984:4).

5.8.7 Kursusgangers

Die gemiddelde ouderdom van kursusgangers is 35 jaar en die verhouding manlike studente teenoor vroulike studente is 60% teenoor 40% (Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984:4).

5.8.8 Ander voortgesette onderwysaktiwiteite aan die universiteit

Dit staan enige departement vry om nie-formele onderwysprogramme te organiseer en aan te bied sonder die medewete of betrokkenheid van die *Afdeling Nie-formele Onderwys*. Die aanbiedinge word egter ontmoedig want dit is die standpunt van die universiteit (en trouens waarskynlik van alle universiteite - JBE) dat die primêre taak van akademiese personeel onderrig en navorsing is, en dat die organisasie en administrasie van voortgesette onderwyskursusse deur die *Afdeling Nie-formele Onderwys* behartig moet word (Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984:2).

5.8.9 Samevatting en evaluering

Aan dié universiteit lewer voortgesette onderwys 'n bydrae tot die verwezenliking van die universiteit se doelstellings, naamlik onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens.

Ewenas die Universiteit van Stellenbosch vorm voortgesette onderwys 'n onderafdeling van die Buro vir Universiteitsonderwys.

Uit 'n oorsig van die funksionering van die *Afdeling Nie-formele onderwys* en die aard en vorm van voortgesette onderwyskursusse wat aangebied word, word die volgende opgemerk:

- * die *Afdeling* voorsien gereedlik in die behoefte aan opknappings- en indiensopleidingskursusse vir die professionele beoefenaar en algemeen vormende en kennisverrykende kursusse vir die algemene publiek;
- * hierbenewens word verskeie voortgesette onderwyskursusse deur akademiese departemente aangebied ofschoon dié aanbiedings ontmoedig word want die administrasie en organisasie van voortgesette onderwyskursusse word as die taak van die *Afdeling Nie-formele Onderwys* geag;

- * die soort voortgesette onderwyskursus sowel as die aanbiedingswyse stem wesenlik ooreen met dié van ander universiteite.

5.9 UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

5.9.1 Oriëntering

Voortgesette onderwys is sedert 1958 op ad hoc-basis deur verskeie instansies aan die universiteit aangebied, byvoorbeeld onder meer die Skool vir Bedryfsleiding. Sedert 1979 word voortgesette onderwys op gekoördineerde basis deur die *Instituut vir Voortgesette Opleiding* aangebied (Universiteit van Suid-Afrika, 1984:1).

5.9.2 Die doel met voortgesette onderwys

Die doel en funksies van die *Instituut* kan soos volg saamgevat word: Die *Instituut* bied informele programme, wat nie tot graad- of diploma-studie lei nie, vir volwassenes aan. Die programme kan die volgende insluit:

- * professionele opknappingskursusse of programme by wyse van lesings, seminare, somer- of winterskole, bywonings- of afstandsonderrig, en wat aanvullend tot aanvanklike professionele opleiding is;
- * programme oor aktuele aangeleenthede in die samelewing;
- * programme vir algemene kulturele verryking;
- * programme tot diens van ontwikkelende lande.

Hierbenewens het die *Instituut* navorsing oor voortgesette onderwys ten doel (Universiteit van Suid-Afrika, 1979:44).

5.9.3 Die struktuur en beheer van die *Instituut vir Voortgesette Opleiding*

Die *Instituut* funksioneer afsonderlik, nie gekoppel aan 'n fakulteit nie, en volgens 'n konstitusie onder beheer van 'n beheerkomitee. Die beheerkomitee is soos volg saamgestel:

Die Rektor, Vise-Rektor, Registrateur (Finansies), die Dekaan (of verteenwoordiger) van elke fakulteit en die Direkteur van die Instituut.

Die beheerkomitee kan soos en wanneer nodig persone koöpteer.

Die beheerkomitee funksioneer nie doeltreffend nie en vergader ook slegs een keer per jaar by welke geleentheid die werk van die *Instituut* oor die afgelope jaar in oënskou geneem word. Die feit dat Senaatslede op die beheerkomitee dien, impliseer nie dat daar voldoende skakeling tussen die *Instituut* en akademiese departemente is nie. Die *Instituut* inisieer kursusse en skakel dan in dié verband self met departemente. Dit kan egter ook voorkom dat departemente die *Instituut* kan versoek om namens hulle kursusse te reël (kyk ook paragraaf 5.9.8; Universiteit van Suid-Afrika, 1979:45).

Die personeel van die *Instituut* bestaan uit 'n direkteur wat nie 'n do=seertaak het nie en 4 administratiewe personeellede (Universiteit van Suid-Afrika, 1984:1).

5.9.4 Die finansiering van voortgesette onderwys

Die *Instituut* word gedeeltelik deur die universiteit gefinansier. Die salaris van die Direkteur word deur die universiteit bekostig en dié van die ander personeellede deur die *Instituut*. Inkomste word uit toekennings van die Universiteitsraad, skenkings, borgskappe en kursusgelde verkry (Universiteit van Suid-Afrika, 1984:1).

5.9.5 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse deur die *Instituut* *vir Voortgesette Opleiding* aangebied

Volgens die doel met voortgesette onderwys kan die kursusse in twee hoofgroepe onderskei word naamlik indiensopleidings- en opknappingskursusse vir professiebeoefenaars en algemeenvormende en kultuurverrykende kursusse, en word die volgende voorbeelde van elke hoofgroep ter illustrasie vermeld:

* Indiensopleidings- en opknappingskursusse vir professiebeoefenaars

- *Leergestremdheid*: 'n indiensopleidingskursus vir onderwysers aan skole vir gestremde leerlinge;
- *Effektiewe kommunikasie*: 'n kursus vir bestuurders en bedryfsredakteurs oor die effektiewe benutting van kommunikasiemedia;
- *Gesondheidsorgverpleegkunde in die nywerheid*: 'n indiensopleidingskursus vir gesondheidsorgverpleegkundiges waartydens klem gelê is op die koördinerings van gesondheids-, sosiologiese en psigologiese aspekte van dié professie;
- *Beslote korporasies*: 'n kursus vir Afrikaanse Sakekamers deur die fakulteit Regte aangebied;
- *Politieke administrasie vir munisipaliteite*: 'n kursus vir plaaslike owerheidsamptenare waartydens die voorgestelde derdevlak-regering behandel is (Universiteit van Suid-Afrika, 1984:3).

* Algemeenvormende en kultuurverrykende kursusse

- *Skoolgereedheid*: 'n inligtingskursus vir ouers van skoolpligtige kinders;
- *"Woman Studies"*: die rol wat die vrou reeds inneem in onder meer die Teologie, Sosiologie, Psigologie en ander dissiplines;
- *Rekenaarkursusse*: verskeie beginnerkursusse in die gebruik van die rekenaar en mikrorekenaar (Universiteit van Suid-Afrika, 1984:3).

Voortgesette onderwyskursusse by wyse van korrespondensiekursusse word nog oorweeg. Kursusse word met hoë uitsondering gedentraliseer aangebied (Universiteit van Suid-Afrika, 1984:3).

5.9.6 Standaard van kursusse, toelatingsvereistes, eksaminering en sertifisering

Kursusse word op universiteitsvlak aangebied. Ten opsigte van toelatingsvereistes is 'n akademiese opleidingspeil net vir opknappingskursusse vir die professiebeoefenaar noodsaaklik (Universiteit van Suid-Afrika, 1984:4).

Geen eksaminering vind plaas nie en slegs bywoningssertifikate word soms uitgereik (Universiteit van Suid-Afrika, 1984:4).

5.9.7 Kursusgangers

Die gemiddelde ouderdom van alle kursusgangers is 38 jaar en die verhouding tussen manlike en vroulike studente is 70% teenoor 30% (Universiteit van Suid-Afrika, 1984:4).

5.9.8. Ander voortgesette onderwysaktiwiteite aan die universiteit

Voortgesette onderwys word ook onafhanklik van die *Instituut* deur institute, buro's, sentrums en verskeie departemente aangebied. Hierdie kursusse moet finansieel selfonderhoudend wees en die aanbidding daarvan hoef nie deur die *Instituut* goedgekeur te word nie. Dié kursusse is altyd vakgerig, byvoorbeeld kursusse deur die departement Sielkunde en die Sentrum vir Teologiese Studies. Die aanbidding van sodanige kursusse is nie vir die *Instituut* problematies nie, trouens dit word reglementêr bepaal dat die *Instituut* nie die inisiatief van departemente om self voortgesette onderwyskursusse aan te bied, moet ontnem nie (Universiteit van Suid-Afrika, 1979:44; vergelyk ook Universiteit van Suid-Afrika, 1984:2).

5.9.9. Samevatting en evaluering

Uit 'n oorsig van voortgesette onderwys aan hierdie universiteit blyk onder meer die volgende:

- * die *Instituut vir Voortgesette Opleiding* het tot stand gekom om, benewens die voortgesette onderwys wat steeds onafhanklik en op ad hoc-basis deur departemente, buro's en institute aangebied word, ook op georganiseerde wyse voortgesette onderwys in die vorm van indiensopleidingskursusse en algemeenvormende, kennis- en kultuurverrykende kursusse aan te bied;
- * die beheerkomitee van die *Instituut* funksioneer nie na behore nie vanweë die feit dat dit slegs een keer per jaar vergader en dat die Senaatslede wat daarop dien nie as skakel tussen die *Instituut* en akademiese departemente dien nie (dit moet egter andersyds vermeld

word dat die beheerkomitee ten minste twee keer per jaar moet vergader (vergelyk Universiteit van Suid-Afrika, 1979:46);

- * in die doelstellings van die *Instituut* word vermeld dat "informele programme" aangebied word, terwyl voortgesette onderwys algemeen as nie-formele onderwys geag word (kyk paragraaf 1.1);
- * ten opsigte van die kursusse wat aangebied word, kan dit gestel word dat aan die doelstellings wat daarvoor gestel word, voldoen word, en dat kursusse vir die professiebeoefenaar en algemeenvormende kursusse oor 'n wye spektrum aangebied word;
- * dit val egter andersyds op dat weinig spesifieke kultuurverrykende kursusse aangebied word;
- * vanweë die feit dat die universiteit slegs afstandsonderrig vir graad- en diplomastudies bied, kan dit verwag word dat hierdie metode van onderrig ook in voortgesette onderwys neerslag sou vind, maar dié wyse van aanbieding geniet nog aandag;
- * voorts word voortgesette onderwyskursusse baie selde gedesentraliseerd aangebied, en dan ook slegs in sentrums waar streekkantore van die universiteit is, naamlik Kaapstad, Durban en Pietersburg;
- * benewens die lesing-, konferensie- en seminaarmetode van aanbieding van voortgesette onderwyskursusse (soos in die doelstellings met voortgesette onderwys aan dié universiteit vermeld; kyk paragraaf 5.9.2), word aandag oënskynlik nog nie aan minder konvensionele, maar moderne, tegnieke soos oudio- en video-kasette en rekenaargesteunde onderrig gegee nie;
- * die slotsom waartoe geraak kan word is dat die *Instituut*, ofskoon dit voortreflike werk lewer en binne vermoëns in geïdentifiseerde behoeftes aan voortgesette onderwys voldoen, ongeveer die patroon van ander universiteite volg in die aanbieding van voortgesette onderwys.

5.10 DIE UNIVERSITEIT VISTA

5.10.1 Ten aanvang

Die jongste universiteit in die RSA (gevestig in 1981) het sy hoofkantoor in Pretoria en gedesentraliseerde kampusse te Bloemfontein, Pretoria, Port Elizabeth, Soweto en die Oos-Rand. Voorsiening word vir stedelike Swartmense gemaak en wel vir voltydse studente sowel as praktiserende onderwysers wat deelyds wil studeer (Barnard, 1984:42).

Sedert 1983 word voortgesette onderwys in die vorm van *Gemeenskapsdiens en Gemeenskapsonderrig* deur elke kampus van die universiteit aangebied en bestaan daar nie 'n sentrale voortgesette onderwyseenheid, byvoorbeeld aan die hoofkantoor, vir die hele universiteit nie (Universiteit VISTA, 1984:1).

5.10.2 Die doel met voortgesette onderwys

Die belangrikste doelstelling met voortgesette onderwysaanbiedings is skakeling met, en diens aan professionele persone, en die gemeenskap ten opsigte van aktuele sake (Universiteit VISTA, 1984:2). (Hierdie "skakeling" en diens impliseer inderdaad voortgesette onderwys - JBE; vergelyk paragraaf 5.10.5).

5.10.3 Die struktuur en beheer van *Gemeenskapsdiens en -onderrig*

Gemeenskapsdiens en Gemeenskapsonderrig funksioneer volgens 'n reglement, naamlik *Bestuurstelsel vir Gemeenskapsdiens en Gemeenskapsonderrig* (Universiteit VISTA, 1983:1).

Wanneer die behoefte aan 'n bepaalde opleidingsprogram binne die raamwerk van gemeenskapsdiens en/of gemeenskapsonderrig deur 'n kampus geïdentifiseer word, word 'n Projektkomitee onder leiding van die Kampusdirekteur saamgestel en is dit 'n "plaaslike projek". Wanneer die program oor meer as een kampus aangebied word, is dit 'n "gemeenskapsprojek". In hierdie geval neem die Kampusdirekteur van die kampus van wie die inisiatief vir die opleidingsprogram uitgegaan het, die leiding in die Projektkomitee. Hierdie stelsel funksioneer doeltreffend, maar sal mettertyd in heroorweging

geneem word, indien nodig (Universiteit VISTA, 1983:1-4).

5.10.4 Finansiering van voortgesette onderwys

Elke projek moet finansieel selfvoorsienend wees. Borgskappe kan vir projekte verkry word. Sommige kursusse kan gratis aangebied word, byvoorbeeld opknappingskursusse (plaaslik gereël) vir onderwysers. In hierdie verband geld geen besondere kriterium nie en word so 'n gratis kursus as diens van die universiteit aan die plaaslike gemeenskap, en in die besonder aan plaaslike onderwysers, geag. Sô 'n kursus kan op versoek van (byvoorbeeld) wiskundeonderwysers deur die universiteit aangebied word, maar die universiteit kan andersyds ook die inisiatief neem en die kursus inisieer (Universiteit VISTA, 1983:2-5; vergelyk ook Universiteit VISTA, 1984:3).

5.10.5 Voorbeelde van voortgesette onderwyskursusse

Twee groepe kursusse (kyk ook paragraaf 5.10.2) kan onderskei word, naamlik opknappings- of indiensopleidingskursusse vir professiebeoefenaars en gemeenskapsdiensprojekte, dit wil sê inligtings- en kennisverrykende kursusse.

* Opknappings-/indiensopleidingskursusse

- *Vir onderwysers* (kyk ook paragraaf 5.10.4): byvoorbeeld Wiskunde en Beroepsvoorligting: die inhoud van die kursus kan onder meer didaktiek en metodiek, nuwere onderrigtegnieke, hulpmiddels en vakinhoud insluit (Universiteit VISTA, 1984:3);
- *"Business Planning Seminars"*: dit is 'n kursus vir die klein-sakeman en sluit onder meer die volgende in: verkoopstegnieke, sakebestuur, reklame en klanteverhoudings (University VISTA, 1984:1).

* Gemeenskapsdiens (inligtings- en kennisverrykende kursusse)

- *Voordrag of seminar oor "Huisseienaarskap in Swartwoongebiede"*: Tydens die kursus is onder meer die volgende behandel: die hele konsep van huiseienaarskap na aanleiding van die 99-jaar-huurpag-skema; sielkundige en finansiële implikasies van huiseenaar=

skap;

- *Die nuwe inkomstebelastingwet (1983)*: tydens die kursus is die hele stelsel van inkomstebelasting, wat 'n onbekende verskynsel vir die merendeel Swartmense is, verduidelik, en is voorts ook aandag gegee aan bronne van belasting; besteding van belasting en ander relevante aangeleenthede (Universiteit VISTA, 1984:3).

5.10.6 Standaard van kursusse, toelatingsvereistes, eksaminering en sertifisering

Professionele kursusse word op universiteitsvlak en gemeenskapsdiens en sommige professionele kursusse (byvoorbeeld vir onderwysers wat slegs oortersiêre opleiding beskik), word op voor-universiteitsvlak aangebied.

Geen verdere toelatingsvereiste word vir voortgesette onderwyskursusse gestel nie asmede dat die kursusse slegs vir Swartmense toeganklik is (Universiteit VISTA, 1984:4).

5.10.7 Samevatting en evaluering

Dat die noodsaak van voortgesette onderwys en die universiteit se taak in die voorsiening daarvan inderdaad deur dié universiteit besef word, blyk uit die feit dat binne slegs 2 jaar na die ontstaan van die universiteit in 1981, 'n aanvang met voortgesette onderwysaanbiedings geneem is. Voortgesette onderwys word netsoos die formele universiteitskursusse gedentraliseerd op elke kampus aangebied en daar is nie 'n sentrale voortgesette onderwyseenheid vir die universiteit in geheel aan die hoofkantoor van die universiteit nie.

Ofskoon dit nie pertinent aldus gestel word nie, is die doelstelling met voortgesette onderwys wesenlik dieselfde as dié van ander universiteite, naamlik om aan die professiebeoefenaar opknappingskursusse en algemeenvormende kursusse, te bied. Uit 'n oorsig van voortgesette onderwysaanbiedings deur dié universiteit blyk dat oor 'n wye spektrum, met dié doelstelling voor oë, voortgesette onderwyskursusse aangebied word.

'n Aspek wat vermeld moet word is die feit dat dié universiteit se gemeenskap= samestelling, naamlik die stedelike Swartmens, met sy eiesoortige kulturele belewings en sosio-ekonomiese behoeftes, die aard van die voortgesette onderwyskursusse bepaal, byvoorbeeld kennisverrykende kursusse oor huiseie= naarskap en inkomstebelasting. Voorts moet die diensmotief van die univer= siteit in die aanbieding van gratis kursusse vir plaaslike onderwysers ook vermeld word.

As gevolg van die feit dat die voortgesette onderwyskursusse aan dié univer= siteit slegs vir 'n spesifieke gemeenskap, en in sommige gevalle 'n spesifieke plaaslike gemeenskap aangebied word, is dit nie in alle gevalle vergelyk= baar met voortgesette onderwysaanbiedings aan ander Suid-Afrikaanse univer= siteite nie.

5.11 UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

Dié universiteit het tans nog nie 'n georganiseerde voortgesette onderwys= eenheid nie. Die koördinering van verskeie ad hoc-aktiwiteite in dié verband word tans ondersoek (Universiteit van Wes-Kaapland, 1984:1).

Die grootste enkele projek aan dié universiteit wat as voortgesette onderwys geklassifiseer kan word, is die Fiowewo-projek waardeur onderwysers wat net in besit van 'n standerdagtsertifikaat is, deur deeltydse voortgesette opleiding hulle kwalifikasies kan verbeter. Dié projek word deur die Onder= rigsentrum van die universiteit in medewerking met die Departement van Binne= landse Aangeleenthede aangebied (Universiteit van Wes-Kaapland, 1984:1).

5.12 UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND

5.12.1 Inleiding

Voortgesette onderwys word sedert 1971 aan dié universiteit deur die *Centre for Continuing Education* behartig (University of the Witwatersrand, 1984:1).

5.12.2 Die doel met voortgesette onderwys

Die doel met voortgesette onderwys aangebied deur die *Centre for Continuing Education* kan soos volg saamgevat word:

- * om indiensopleiding- en opknappingskursusse vir professiebeoefenaars aan te bied;
- * om gemeenskapsdiens te lewer deur die voorsiening van voortgesette onderwys;
- * om opleiding in volwasse onderwys aan te bied; (h tweejarige nagraadse diplomakursus vir opleiers word deelyds aangebied; University of the Witwatersrand, 1984:2A).

5.12.3 Die struktuur en beheer van die *Centre for Continuing Education*

Die *Centre* funksioneer doeltreffend sonder enige reglement of grondwet en onder beheer van h beheerraad bestaande uit Raads- en Senaatslede van die universiteit en persone van buite-instansies, byvoorbeeld kundiges op onderwysgebied en verteenwoordigers van groot sakeondernemings, byvoorbeeld een verteenwoordiger van die Anglo American-korporasie (University of the Witwatersrand, 1984:2).

Die personeel van die *Centre* bestaan uit h direkteur (op professorale vlak en lid van die Senaat), wat ook hoof van die departement Volwasse Onderwys in die fakulteit Opvoedkunde is; h direkteur vir algemene voortgesette onderwys; h direkteur vir voortgesette onderwys vir ingenieurs; h deelydse konsultant; koördineerders en administratiewe personeel (University of the Witwatersrand, 1984:1A).

Die *Centre* funksioneer onafhanklik van enige fakulteit en skakeling tussen die *Centre* en akademiese departemente geskied deur die kantoor van die Registrateur (akademies). Hierdie skakeling word as voldoende geag want vanweë die grootte van die universiteit kan daar nie werklik doeltreffend met alle departemente geskakel word nie (University of the Witwatersrand, 1984:1).

5.12.4 Die finansiering van voortgesette onderwys

Die *Centre* is bykans selfonderhoudend. 'n Persentasie van die salarisse, voorsiening van fisiese geriewe en instandhouding word deur die universiteit bekostig. Die oorblywende persentasie van salarisse en ander oorhoofse koste vir navorsingsprojekte word uit borgskappe gedek (University of the Witwatersrand, 1984:1; vergelyk ook paragraaf 5.12.5).

5.12.5 Voorbeelde van voortgesette onderwys deur die *Centre for Continuing Education* aangebied

* Indiensopleiding/opknappingskursusse vir professiebeoefenaars

- *Voortgesette onderwys vir Ingenieurs*: verskeie opknappingskursusse om resente tegnieke, kennis en vaardighede oor te dra, byvoorbeeld *Rekenaargebruik in die professie*: Mikroprosesseringstegnieke (University of the Witwatersrand, 1984:2A).
- *Indiensopleidingskursusse vir onderwysers*: verskeie indiensopleidingskursusse word gesentraliseer en gedesentraliseer vir onderwysers aan skole in Swartwoongebiede rondom Johannesburg aangebied. Finansiële steun vir hierdie kursusse word van privaatinstitusies verkry, byvoorbeeld die Anglo American-korporasie en die De Beerstigting. Kursusse word in Engels, Rekenaargesteunde Rekenkunde en Wetenskap aangebied;
- 'n *Indiensopleidingskursus vir joernaliste*: die kursus het 'n tweërlei doel, naamlik opknapping en om die universiteit te motiveer om 'n departement Kommunikasiekunde in te stel (University of the Witwatersrand, 1984(a):1-24).

* Algemeenvormende kursusse

Onder hierdie hoofgroep ressorteer kennisverrykende kursusse wat na-uurs aan die universiteit aangebied word en wat hoofsaaklik gemeenskapsdiens as doelstelling het. Die volgende voorbeelde kan ter illustrasie vermeld word:

- 'n *Beginnerskursus in Zoeloe*: die kursus is ingestel op die basiese gebruik van Zoeloe vir onder meer die huisvrou;
- *Die vertolking van 'n balansstaat*: die kursus wat oor 5 sessies van anderhalfuur elk aangebied word, beoog om die belangstellende oor

die elementêre beginsels in die vertolking van 'n balansstaat in te lig;

- *Die gebruik van persoonlike rekenaars*: dié beginnerskursus is be=doel vir diegene wat 'n rekenaar vir huishoudelike doeleindes wil aanskaf (University of the Witwatersrand, 1984:2B).

5.12.6 Toelatingsvereistes, eksaminering en sertifisering

Geen spesifieke toelatingsvereistes word gestel nie behalwe vir indiensop=leiding/opknappingskursusse waar ten minste 'n eerste kwalifikasie noodsaak=lik is, byvoorbeeld ingenieursopleiding. Geen beperking word op grond van geslag, ouderdom en ras geplaas nie.

Daar is geen eksaminering nie en slegs bywoningsertifikate word soms uitge=reik (University of the Witwatersrand, 1984:3; kyk ook paragraaf 5.12.8).

5.12.7 Kursusgangers

Die gemiddelde ouderdom van kursusgangers is 40 jaar, en die verhouding tussen manlike en vroulike kursusgangers is 40% teenoor 60%. Die persentasie anderkleuriges wat kursusse bywoon is ongeveer 5%. Daar word egter periodiek kursusse vir anderkleuriges in hulle woongebiede gereël, byvoorbeeld 'n kursus in Musiekterapie vir laerskoolonderwysers in Soweto (University of the Witwatersrand, 1984:3).

5.12.8 Ander voortgesette onderwysaktiwiteite aan die universiteit

Voortgesette onderwyskursusse word ook onafhanklik van die *Centre* deur sommige fakulteite en departemente aangebied. Voorbeelde van sodanige kursusse is dié van die Sakeskool (byvoorbeeld: bestuursontwikkeling, kursusse vir besturende direkteurs, besigheidsbestuur) en voortgesette onderwyskursusse deur die Mediese fakulteit en die fakulteit Regte aangebied.

Die amptelike beleid van die universiteit en ook van die *Centre* is dat voort=gesette onderwyskursusse wat deur departemente gereël word, aangemoedig word, maar dat kursusse wat deur individuele dosente, (dikwels met 'n wins=motief) gereël word, ontmoedig word.

Voortgesette onderwyskursusse wat deur departemente en ander instansies gereël word, hoef slegs deur die beheerraad van die *Centre* goedgekeur te word indien 'n sertifikaat van verdienste deur die aanbieders uitgereik word (University of the Witwatersrand, 1984:1A).

5.12.9 Samevatting en evaluering

Voortgesette onderwys word sedert 1971 aan dié universiteit deur 'n *Centre for Continuing Education* aangebied. 'n Opvallende eienskap van die *Centre* is die feit dat dit sonder enige reglement of grondwet funksioneer in teenstelling met die voortgesette onderwyseenhede aan die ander Suid-Afrikaanse universiteite (met die uitsondering van die universiteit van Durban-Westville waar die *Extension Division* ook sonder 'n reglement funksioneer, maar wel aan 'n fakulteit gekoppel is; kyk paragraaf 5.2).

Uit die oorsig van voortgesette onderwysaanbiedings aan dié universiteit kan die volgende opgemerk word:

- * aansienlike finansiële steun vir voortgesette onderwysaanbiedings en -navorsing word van maatskappye verkry, byvoorbeeld die Anglo American-korporasie;
- * ewenas ander universiteite is die enigste doelstellings met voortgesette onderwys aan dié universiteit om opknappingskursusse vir die professiebeoefenaar en algemeenvormende en kennisverrykende kursusse vir die algemene publiek aan te bied. Hierbenewens word egter ook in medewerking met die fakulteit Opvoedkunde 'n tweejarige deeltydse na-graadse diploma in volwasse onderwys aangebied;
- * benewens die voortgesette onderwysaanbiedings van die *Centre* word akademiese departemente ook aangemoedig om voortgesette onderwyskursusse aan te bied, omdat die standpunt gehuldig word dat die *Centre* nie daarin kan slaag om alle moontlike voortgesette onderwys alleen te behartig nie. Hierdie standpunt is in teenstelling met die merendeel ander universiteite waar getrag word om alle voortgesette onderwys sentraal deur die voortgesette onderwyseenheid aan te bied, of andersyds dat die eenheid ten minste kennis dra van die kursusse ten einde navrae daaroor te kan beantwoord, of aan die universiteitsowerheid verslagte kan doen oor alle voortgesette onderwysaktiwiteite aan die betrokke universiteit;

- * ten opsigte van die aanbieding van die kursusse blyk dit dat enkele kursusse gedentraliseer (byvoorbeeld by skole in Swartwoongebiede) aangebied word; dat die kursusse gewoonlik die vorm van lesings, praktiese en teoretiese sessies, seminare en ander "konvensionele metodes" aanneem, en dat die korrespondensiemetode van onderrig en moderne tegnieke soos oudio- en video-kassette, nog nie oorweeg is nie.

5.13. SAMEVATTING EN EVALUERING VAN DIE AANBIEDING VAN VOORTGESETTE ONDERWYS AAN SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE

Uit 'n oorsig en evaluering van voortgesette onderwysaanbiedings aan Suid-Afrikaanse universiteite kan die volgende vermeld word:

- * Die plek, taak en toenemende noodsaak van voortgesette onderwys in die algemeen, en van voortgesette onderwys aan universiteite in die besonder (kyk paragrawe 2.4 en 2.6.7.1), word duidelik beklemtoon.
- * Op een na is die doel van al die voortgesette onderwysentrusse in die eerste plek indiensopleiding, heropleiding of die aanbieding van opknappingskursusse vir die professiebeoefenaar, en tweedens die aanbieding van algemeenvormende, kennis- en kultuurverrykende programme.
- * Op enkele na het alle universiteite selfstandige voortgesette onderwyseenhede wat onafhanklik volgens reglemente en konstitusies onder beheerliggame funksioneer. Twee sodanige eenhede funksioneer sonder enige reglement, naamlik: die Universiteit van Durban-Westville en die Universiteit van die Witwatersrand. Eersgenoemde eenheid is egter aan 'n fakulteit gekoppel.
- * Skakeling tussen die voortgesette onderwyseenhede en akademiese departemente wissel van baie goed tot heeltemal ondoeltreffend. In die geval van die universiteit van Stellenbosch geskied die skakeling deurdat die Direkteur van die voortgesette onderwyseenheid 'n ex officio-lid van alle fakulteitsrade is.

- * In enkele gevalle, byvoorbeeld die Randse Afrikaanse Universiteit en die Universiteit van die Witwatersrand word in die beheerliggame ruimskoots gebruik gemaak van die kennis en kundighede van die private en openbare sektore en groot finansiële instellings.
- * Die finansiering van voortgesette onderwyseenhede en -kursusse wissel van geheel afhanklik, byvoorbeeld die Universiteit van Durban-Westville, tot geheel onafhanklik, byvoorbeeld die Universiteit van Port Elizabeth, terwyl die meeste eenhede op een of ander wyse gedeeltelik onafhanklik is. In enkele gevalle word aansienlike borgskappe van private instansies verkry en kan die Universiteit van die Witwatersrand, wat aansienlike steun vir voortgesette onderwysaanbiedings en navorsing oor voortgesette onderwys, van groot finansiële instellings ontvang, as voorbeeld vermeld word. In teenstelling met sekere oorsese lande kwalifiseer kursusgelde vir voortgesette onderwys nie as aftrekbare item vir persoonlike inkomstebelasting van kursusgangers nie.
- * Die programme word oor 'n wye spektrum in ooreenstemming met die doelstellings van die betrokke voortgesette onderwyseenheid aangebied, is sonder beperking vir almal toeganklik en hierdeur kan in die spesifieke behoefte aan voortgesette onderwys van letterlik elke landsburger voorsien word. Drie voorbeelde waar die gemeenskap samestelling die bepalende faktor by die opstel en aanbieding van voortgesette onderwyskursusse is, kan vermeld word, naamlik die universiteit van Durban-Westville wat uitsluitlik 'n Indiërgemeenskap bedien en die Universiteit VISTA wat vir stedelike Swartmense voorsiening maak. In die geval van die universiteit van Port Elizabeth (kyk paragraaf 5.4) is die bevolkingsamestelling, en spesifiek die sametrekking van groot getalle anderkleuriges in die voedingsgebied van die universiteit, en ook die samewerking van nywerhede en industrieë, in opmerklike mate bepalend vir die spesifieke voorsiening van voortgesette onderwyskursusse.
- * Volwasse onderwys word as nagraadse diplomakursus deur ten minste twee voortgesette onderwyseenhede in medewerking met die fakulteit Opvoedkunde aangebied, naamlik die universiteit van Natal en die universiteit van die Witwatersrand.

- * In teenstelling met sekere oorsese lande waar voortgesette onderwys ook deur die radio en televisie, oudio- en video-kasette en korrespondensiekursusse aangebied word, word in die geval van alle Suid-Afrikaanse universiteite met voortgesette onderwysaanbiedings van die "konvensionele" lesing, konferensie, seminaar, simposium, werkswinkel en bespreking gebruik gemaak. Weliswaar word die noodsaak van korrespondensie-onderrig van voortgesette onderwys deur enkele universiteite besef en deur een, naamlik die universiteit van Stellenbosch, sterk oorweeg.
- * Geen opvallende verskil is op te merk in die verhouding van manlike teenoor vroulike kursusgangers nie en die gemiddelde ouderdom van alle kursusgangers is ongeveer 38 jaar.
- * In teenstelling met oorsese lande vind eksaminering van voortgesette onderwyskursusse selde plaas, maar word bywoningsertifikate gewoonlik uitgereik. In die geval van die universiteit van Stellenbosch word 'n verklaring dat 'n kursus bygewoon, of suksesvol bygewoon is, uitgereik.
- * Benewens voortgesette onderwyskursusse deur eenhede self aangebied, word in die meeste gevalle ook voortgesette onderwyskursusse onafhanklik deur departemente, buro's en institute aangebied. Hierdie aanbiedings word soms aangemoedig, byvoorbeeld die universiteite van die Witwatersrand en Suid-Afrika, en andersyds ontmoedig, byvoorbeeld die Randse Afrikaanse Universiteit en die universiteit van die Oranje-Vrystaat. Die belangrikste redes vir die ontmoediging is die feit dat die universiteit dit stel dat die primêre taak van akademiese personeel onderrig en navorsing is en dat die administrasie en organisasie van voortgesette onderwyskursusse die taak van die voortgesette onderwyseenheid is, en die standpunt dat alle voortgesette onderwysaktiwiteite namens die universiteit sentraal deur die voortgesette onderwyseenhede hanteer behoort te word.

Die aanbieding van voortgesette onderwys aan die PU vir CHO word in die volgende hoofstuk in oënskou geneem.